FIBRETRACK
BKB Wool & Mohair Market Reporting Service

Reg No: 1998/012435/06
VESELBEMARKING / FIBRE MARKETING
Posbus / PO Box 2002 PORT ELIZABETH Suid-Afrika / South Africa
Grahamstadweg 61 Grahamstown Road Noordeinde / North End PORT ELIZABETH
Telefoon/Telephone (041) 503-3111 Faks/Fax (041) 503-3390

BOKHAAR VEILINGSVERSLAG

Katalogus:	**8**	**Veilingsdatum:**	**16/02/2010**		
Aanbieding (Bale):	**380**	**Verkoop:**	**369**	**Persentasie:**	**97%**
Wisselkoers	**Huidig 7.49**	**Vorige**	**7.47**	**Beweging:**	**3.07**

MARKKOMMENTAAR

BOKHAAR MARK STEEDS GOED

Die eerste veiling van die jaar het basies afgeskop waar dit laas seisoen geïndig het. Die verkope van veral grootbokhaar was op die eerste veiling van die seisoen baie goed. Die Rand het met 3,07% verswak en verhandel tans teen R7-72. Die gemiddelde markaanwyser het met 0,5% verswak en is tans R85-90.

Die vraag na veral lang, fyn grootbokhaar was baie goed en pryse het met 1% verbeter en verhandel tans teen R83-20 gemiddeld. Alhoewel die prys van sterk grootbokhaar met 2% gedaal het is die prysvlakke steeds baie bevredigend teen R83-63. Die prys word grootliks hoër gedryf deur die lae voorraad vlakke wêreldwyd asook die direkte uitvoer van grootbokhaar na China.

Baie verblydend was die styging van 6% in die gemiddelde prys van jongbokhaar. Die prysvlakke van jongbokhaar word deur die goeie vertoning van grootbokhaar opwaarts gedruk en verhandel tans teen R93-47 gemiddeld.

Met die lae volume kleinbokkiehaar wat aangebied was kan daar nie 'n sinvolle vergelyking gemaak word nie. Die aanbieding was gekenmerk deur kort somerkleinbokkiehaar asook 'n oorvloei van winterbokkiehaar van die vorige seisoen. Die grootste koper van die dag was Standard Wool SA.

Vir meer besonderhede van die veiling besoek gerus BKB se webbladsy www.bkb.co.za

Produsent	Area	Tipe	Prys
JC PIETERSE	GRAHAMSTAD	BSFFK	17000
CANARYFONTEIN FARMING	ADELAIDE	BSFYG	14000
ETIENNE TERBLANCHE TRUST	ABERDEEN	CFYG	13900
J BOSCH	ADELAIDE	CFYG	13900

Opsomming		Vorige Veiling	
Beskrywing	**Gemiddelde Prys**	**Gemiddelde Prys**	**Beweging**
Kleinbokkies	117.05	128.13	-8.6%
Jongbokke	93.47	85.94	8.8%
Fyn Grootbokke	83.20	82.73	0.6%
Sterk Grootbokke	83.63	84.97	-1.6%
Grootbokke - STN / Saad / LOX	65.18	51.49	26.6%
Totaal	85.90	86.34	-0.5%

Die volgende veiling: 09/03/2010

Alle inligting vervat in hierdie dokument is alleenlik vir doeleindes van inligting en is nie noodwendig toepaslik op alle gebruikers/lesers nie. BKB Bpk en sy filiale kan nie verantwoordelik gehou word vir enige besluite geneem wat op inligting uit hierdie dokument verkry baseer is nie.

Direkteure/Directors: D C Louw (Voorsitter/Chairman), W Edmayr (Besturend/Managing), R J Smith (Bedryfs/Operational), B Brynard, SM Dondolo, W D J Lubbe, E C H Prinsloo, J Smit, J van As, H H J van Zyl, J C Venter
Maatskappysekretaris/Company Secretary: J Oosthuizen (Mev/Mrs)